**9 Julie**
**Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7**
**Fokusgedeelte: Jesaja 43:4**

**God se liefde – jou inspirasie vandag**

Dit is die wonderlike nuus vandag vir elkeen wat deur die geloof in Jesus `n kind van God is. God is lief vir elke kind van Hom. Terwyl ons vandag vashou aan hierdie waarheid, kry ons nuwe moed vir hierdie nuwe dag.
God het sy volk destyds uit ballingskap teruggelei na die beloofde land omdat Hy so oneindig lief vir hulle was. God lei ons vanweë sy liefde uit die gevangenskap van sonde terug na Hom toe om in vryheid sy kinders te wees. God het uit liefde sy enigste Seun laat sterf aan `n kruis in ons plek. So het Hy vir ons die ware lewe kom bewerk, die lewe tot in ewigheid.
In sy liefde so teer en innig kom sê die Here ook vandag vir jou, sy kind: Jy is myne. Jy behoort nie aan ander mense nie, jy behoort nie aan Satan nie, jy behoort nie aan die wêreld nie. Jy behoort aan my, jy is my eiendom, my besitting, want Ek is lief vir jou. Ek het jou gekoop en vir jou het ek die losprys betaal, my eie Seun.
Vol tere liefde sê God vandag opnuut vir jou, sy kind: Ek is by jou, Ek ken jou by die naam. Ek ken jou hartseer en jou vreugdes, jou stryde en oorwinnings, jou bekommernisse en vrae. Ek is by jou vandag, of jy vandag deur die diep water van beproewing gaan en of dit vir jou `n dag vol voorspoed gaan wees. God se liefde, ja – dit is ons grootste inspirasie vir elke dag.
*Sing: Psalm 31:17 Ds L du P van der Vyver (Silverton)*